CCSA / KSA

SUMMER 2019



KAMPBOFFIN

Is 'n klub vir jou?

Die Van der Merwes kan nie wag vir die kampnaweek saam met hulle woonwaklub nie, en die Swanepoels het laasjaar al die enigste staanplek vir hulle op Alleenbaai bespreek. Waarheen gaan jy?

Teks: **Loon Botha** Foto's: **Sawa en KSA**

Verskillende menings is deel van die lewe, en in die kampwêreld is dit geensins anders nie. Die een gesin verkies 'n besige oord wat jy ontrent 'n kampstad kan noem; die ander soek daardie een staanplek doer diep in die Kalahari onder die kameeldoringboom. Ander mense pak hulle kroos se skopfietsies in, terwyl die volgende paartjie mik na die oord waar geen kinders toegelaat word nie. Musiek is 'n ander twispunt...

Dieselfde geld natuurlik vir woonwaklubs. Maar hoe bekend is kampeerders met die doen en late van woonwaklubs? Ons het antwoorde gaan soek by die Suid-Afrikaanse Woonwa-vereniging (Sawa) en die Woonwaklub van Suider-Afrika (KSA).

Sawa wie?

Sawa vier vanjaar sy 50ste bestaansjaar en het 'n ledetal van 1 125 gesinne uit 35 streke. Die ledegeld beloop R365 per gesin per jaar (R355 vir mense bo 60). Die KSA is op sy beurt die oudste woonwaklub – dié is in 1947 gestig. Dié organisasie het 'n ledetal van 1 414 gesinne wat opgedeel is in 36 streke, en die ledegeld beloop R440.

Sawa se nasionale voorsitter, Junie Dreyer, en die president van die KSA, Russel Gibbens, beantwoord 'n paar vrae.

Hoe lyk julle deursneelid?

Sawa: Ons lede bestaan grotendeels uit gesinne, maar natuurlik neem die getalle bo 60 toe soos die tyd aanstap. Ons het ook enkellede wat 'n hele paar vroue insluit – mense wat op eie houtjie hulle woonwa sleep.

KSA: Die meeste van ons lede is ouer paartjies, en baie van die vriendskappe wat hier gesmee word, strek verder as die klub.

Is 'n woonwa 'n vereiste?

Sawa: Nee, mense met kamptoerusting soos tente, buswaens,

ryhuise en daktente is ook baie welkom.

KSA Geensins nie.

Hoe gereeld kamp julle saam?

Sawa Die streke reël almal hulle eie saamtrekke, sover moontlik een keer per maand, terwyl die groter gebiede een of twee keer per jaar bymekaarkom. Die nasionale saamtrekke – soos die jaarlikse Presidente-saamtrek – word deur soveel as moontlik streke bygewoon.

KSA Die streke hou 10-12 byeenkomste per jaar met 'n gemiddelde opkoms van rondom 50%.

Word jy verplig om 'n sekere aantal saamtrekke by te woon?

Nie een van die twee klubs het so 'n vereiste nie.

Kamp julle minder oor skoolvakansies?

Sawa Ons bly aktief, en het byvoorbeeld in die vakansietyd vroeg vanjaar nie minder nie as 30 saamtrekke gereël. Gedurende die wintervakansie het 27 streke gekamp. Langnaweke word juis benut om effens langer afstande te reis.

KSA Woonwaklubs kamp ook minder in dié tye omdat die tariewe dan hoër is.

Wat gebeur by 'n saamtrek?

Sawa Lede ontspan, geniet die natuur en maak gebruik van die geriewe by die betrokke oord. Afhangend van die tema vir die naweek word gesamentlike braaigeleenthede en ander vermaak gereël.

KSA In baie gevalle kry die lede Vrydagaand 'n ligte aandete – soos 'n hamburger, boerewors-rol of kerrie-en-rys – teen 'n geringe bedrag. Die Saterdag bestaan uit aktiwiteite waarvoor die naweek se organiseerders pa staan en sluit gereeld ook 'n program vir kinders in. Geen van die aktiwiteite – vir kinders of volwassenes – is verpligtend nie. Die Saterdagaand sal ons braai, en van ons streke hou die Sondagoggend dan >

EERSTE WEET ONS. Die Woonwaklub van Suider-Afrika (KSA) is die oudste woonwaklub en is in 1947 gestig. Die organisasie het 'n ledetal van 1 414 gesinne uit altesame 36 streke.

Wat sê ons Facebook-vriende?

Johan Duvenhage
Ek was voorheen 'n lid van Sawa, maar dit was nie vir my nie. Almal sê jy is nie verplig om iets te doen by sulke saamtrekke nie, maar as jy nie deelneem nie, kyk mense jou skeef aan. Daar was ook 'n paar kliekgroepies.

Mathys Pretorius
Ek het niks teen klubs nie, maar ons doen maar ons eie ding saam met vriende en familie.

Zaandre Campher
Ek het 'n paar jaar tot 'n klub behoort en het baie lekker tye gehad. 'n Klub moet wel groei en verander soos wat die lede verander. Vir nou is ek nie deel van 'n klub nie en kamp saam met 'n groep familie en vriende. Ons laat weet mekaar wanneer ons gaan kamp, en die wat wil saamkom, maak so. Dit is geen probleem as jy nie kan of wil nie. Soms is 'n mens lus vir 'n lekker kuier saam met baie mense en 'n groot lawaai, maar ander kere wil jy die stilte saam met 'n paar mense om die vuur ervaar. 'n Klub het dus sy plek, maar daar is ook plek vir diegene wat nie lid is van een nie.

Isabel de Klerk
Ons het op 20 Desember 1979 'n eie klub saam met ons kinders, skoonkinders en kleinkinders gestig.

Marinda Mulder
Ons is sedert Desember 1987 deel van die KSA Vaaldriehoek, en dis 'n wonderlike groep mense. Ons kamp eerskomende naweek by Malonjeni net buite Heidelberg.

Nico Prinsloo
Ek kamp saam met 'n woonwaklub, saam met vriende én op my eie. Ek geniet kamp en dit maak nie vir my saak saam met wie of hoe ek kamp nie.

Henry Austin
Ek kamp graag alleen. In 'n groep is daar soms mense wat beter weet oor alles én dan die vroue wat 'n spyskaart wil opstel. Om op my eie te kamp is beter en ek maak elke keer nuwe kennisse.

Hennie Jansen van Rensburg
Ons het eenkeer saam met 'n groep gekamp, maar ons doen liewer ons eie ding in ons eie vriendekring.

KAMPBOFFIN

'n kerkdiens (en Sondagskool). Ons sluit dan gewoonlik die naweek af met toekennings vir mense wat 'n sekere getal saamtrekke bygewoon het, gevolg deur 'n grappige "boete-oplegging". Dit is vir "oortredings" en is eintlik 'n vorm van geldinsameling. Die opbrengs word gewoonlik aan 'n liefdadigheidsorganisasie geskenk.

In watter jare het dit die beste gegaan met die ledetal?

Sawa: Die ledetal het oor die jare afgeneem, maar die jare tagtig en negentig was die voorspoedigste.

KSA: Die laat jare sewentig tot vroeë jare tagtig.

Waaraan skryf julle die afname toe?

Sawa: Die koms van die EB-rybewys, tolgeld, die koste om 'n behoorlike sleepkombinasie aan te skaf, die toestand van sekere paaie, die kamptariewe en die agteruitgang van sekere oorde, veral die onder munisipale beheer.

KSA: Die sleeprybewys is een van die redes, maar die wêreld het oor die jare dramaties verander. Die ekonomie knyp én daar's die moontlikheid van inbrake terwyl jy jou huis leeg agterlos. Mense rig boonop hulle lewe in rondom skoolgaande kinders.

Het julle 'n plan om lede te werf?

Sawa: Ons *is* tans besig met omvattende beplanning wat ook kyk na die ledetal.

KSA: Ons fokus op die behoud van ons bestaande lede, en ons ledetal is 'n aangeleentheid wat jaarliks bespreek word. Dit is 'n deurlopende proses.

Hoe het die woonwalandskap oor die jare verander?

Sawa: Meer kampeerders het van padwaens oorgeskakel na bos- en boswoonwaens – die toestand van sekere paaie is hoeka nie meer geskik vir 'n gewone padwoonwa nie. Ryhuis-eienaars het ook toegeneem. Verder sukkel woonwaparke weens hoë elektrisiteit- en waterheffings – én lone – om winsgewend te wees.

HALFPAD HONDERD TOE. Die Suid-Afrikaanse Bloemwaenvereniging (Sawa) vier vanjaar sy 50ste bestaansjaar en het 'n ledetal van 1 125 gesinne uit 35 streke.

KSA Vóór ons bestaan was daar geen woonwaparke in die land nie. Danksy die toewyding van ons klub se stigterslede wat druk uitgeoefen het op munisipaliteite om grond beskikbaar te stel, het ons vandag sulke kampplekke. Om met 'n woonwa te kamp is baie jare lank beskou as 'n goedkoop vakansie. Dis lankal nie meer die geval nie – jy sukkel om 'n sleepkombinasie van onder R250 000 te kry; trouens, kombinasies van R1 miljoen of meer is 'n algemene gesig. Woonwaparke voel ook die ekonomie druk, en sonder die seisoenale vakansiegangers sukkel hulle om kop bo water te hou. Dit is juis hoekom die KSA ook buite seisoen kamp – dit is 'n ekstra inkomste vir die parke.

Wat is die voordele van 'n klub?

Sawa Kamptariewe word namens jou onderhandel; ons het 'n webwerf vir almal plus 'n landwye netwerk van oorde en handelaars; veiligheidsrisiko's by saamtrekke word beperk; daar's 'n jaarprogram, wat beplanning makliker maak; en die samesyn onder medekampeerders wat goeie vriende word en soos 'n familie saamstaan.

KSA 'n Mens ervaar goeie kameraadskap wanneer jy tot 12 keer per jaar vir 'n naweek wegkom saam met jou vriende. Jou kampplek word ook vir jou bespreek – en baie keer teen 'n afslagprys. Jou besparing kan selfs meer wees as jou klubtarief, en natuurlik is dit veiliger as 'n groep mense saam gaan kamp. >

Wat sê ons Facebook-vriende?

Hendrik Bezuidenhout
Ons kamp soms op ons eie en ander kere saam met die klub. Ons is lid van 'n ryhuisklub en geniet dit baie.

Piet Botha
'n Klub het sy voordele, soos om goeie vriende te maak, maar dan is jy ook op so 'n saamtrek gebind tot spesifieke gebeure. Ek verkies om self te besluit wanneer en wat ek doen.

Andreana Swanepoel
Ek dink sommige mense het 'n waanindruk van woonwaklubs. Ons kamp sedert 2013 saam met die lede van die KSA Tygerberg. Elke kamp is een groot partytjie. Daar is geen stories van die een wil beter wees as die ander nie, en ook geen geskinder nie. Die enigste verpligting is om die Vrydagaand in te teken – en dit neem net vyf minute van jou tyd. Die res van die naweek maak jy soos jy wil en jy kan oor en weer kuier as jy wil. Niemand is kwaad vir jou as jy net een keer 'n jaar of elke maand 'n kamp bywoon nie. Kom probeer dit gerus.

Bonita Fourie Schultz
Ons behoort tot die KSA Oostelike Provinsie. Hoewel ons ook soms alleen kamp, kan ek eerlikwaar sê om saam met die klub te kamp is die beste, want jy ken almal om jou. Wanneer jy alleen kamp, is jy net bekend met die mense wat saam met jou gaan. Ons klub het 'n wonderlike klomp mense.

Andre Geldenhuys
'n Klub is goed en gaaf wanneer dit 'n klein groep is, want dis soos 'n groepie vriende wat gereeld saam kamp. Sodra daar gebeure soos vlaghysseremonies en 'n klomp reëls opduik, bly ek ver weg.

Ben Visagie
Die klubs dien 'n goeie doel en bring mense bymekaar. Ek verkies egter om op my eie te kamp óf saam met vriende. Anders maak ek vriende in die kampplek.

Johan Visser
Uit 'n veiligheidsoogpunt is dit beter om tot 'n woonwaklub te behoort.



KAMPBOFFIN

VAN SIT OF STAAN IS LE DIE VERSKILLE 'n Mens kry drie soorte kampeerders: Dié wat tot 'n klub behoort, diegene wat nie tot 'n klub behoort nie, en dan die groep wat alles oorkoepel.

Wat sê die oorde?

Die Dolphin-vakansie-oord in KwaZulu-Natal gee afslag aan groepe soos woonwaklubs, maar hierdie spesiale tariewe geld net buite seisoen. Dit sluit dus skoolvakansies en langnaweke uit.

Hulle het in die verlede 'n voorvereiste van minstens 10 woonwaens gehad om 'n blokbespreking te doen, maar omdat die klubbesoeke afgeneem het, het hulle dit verminder tot 5. Volgens die oord werk die reëling steeds goed, want 'n hele paar klubs maak gebruik hiervan. Vir 'n bespreking moet 'n klub dan 'n lys van die voornemende kampeerders stuur sodat die prys vasgestel kan word. Die pensioentrekkers kwalifiseer outomaties vir hulle afslag, maar die res van die groep kry 'n 10%-korting.

Die Kam Bati-rivieroord in die Wes-Kaap sê hulle het die afgelope twee jaar 'n merkbare afname in woonwaklubbesprekings gesien. Dit blyk die ekonomie druk en die klubs gaan na oorde nader aan die groot stede waar hulle gebaseer is. Kam Bati gee 'n korting van10% vir 'n groep van 20 gesinne of meer – dit is twee volwassenes plus die kinders per staanplek.

Forever Plettenberg is ook in die Wes-Kaap en het nie 'n vasgestelde afslagtarief nie, sê André Steyn, oordbestuurder.

Tog sal hulle onderhandel oor afslag vir groepe (soos woonwaklubs). Dit moet wel vir 'n minimum van 15 woonwaens wees en sluit spitstye soos langnaweke, die Paastyd en Desembervakansies uit.

Al is daar ook 'n skoolvakansie gedurende Oktober, is dit dan stiller in die oord en groepe is welkom. Afhangend van die getalle kan groepe tot 20% afslag kry (soms selfs meer), maar André waarsku dat mense by afgespreekte getalle moet hou. Dit gebeur byvoorbeeld dat iemand afslag beding vir 100 woonwaens, maar dan daag heelwat minder op en verwag om steeds die beter tarief te betaal.

ATKV-Eiland-spa is in Limpopo en die oordbestuurder, Bennie Steenkamp, sê as ATKV-groep het hulle byvoorbeeld 'n ooreenkoms met Sawa vir beter tariewe – en dit geld by al sewe hulle oorde. Bennie sê voorts beter tariewe geld uiteraard vir tye wanneer hulle stiller is.

Hulle is bereid om 'n beter tarief vir 'n groep te beding, maar dan moet dit minstens 15-20 woonwaens wees. Hulle probeer so 'n groep as 'n blokbespreking hanteer en vermy dit sover moontlik om die groep oor die kampplek te versprei, veral omdat groepe graag saam kuier.

Wat sê ons Facebook-vriende?

Anton Pretorius
Dit lyk vir my of mense 'n wanbegrip het oor woonwaklubs. Ek is 'n lid van die KSA Suidrand-streek en wil graag diegene wat in ons omgewing woon, uitnooi vir 'n naweek saam met ons. Kom deel in die vreugde van kinders wat sorgeloos rondbeweeg; ook die volwassenes waardeer die kamplewe en geniet dit saam met ander. Maar as jy wil, kan jy op jou eie wees.

Jan Ebersohn
Ek is al 45 jaar by Sawa. Ons is nie 'n groep vriende nie, maar een groot familie en ken mekaar se lief en leed. Die bestuur reël die kampe vooruit waarop ons op die jaarvergadering besluit het. As jy nie kan of wil gaan nie, maak jy net verskoning. Niks keer jou om ook op jou eie te kamp nie.

Erika Sandbaai
Ons is twee gesinne wat probeer om een keer per maand te kamp. Dis heerlik en vet pret. Ek stel nie belang in 'n klub nie.

Gielie Lambrechts
'n Vriend het lank gelede tot so 'n klub behoort en hulle het dit baie geniet. Maar toe hoor ek van 'n "voorsitterstee" en verloor toe alle belangstelling.

Johann L. Lemmer
Ons is al 40 jaar lede by Sawa en dis 'n fees. Dis voorwaar 'n familie waar elkeen ook sy eie ding kan doen.

Sonya de Beer
Ons behoort nie tot 'n klub nie, maar oorweeg dit. Ek dink tog terwyl 'n mens kamp, maak jy vriende soos jy wil. Ons kamp nog altyd op ons eie, maar het al wonderlike kampbure gehad. Ek dink albei het sy voor- en nadele.

Dion Marinus
Ek is lid van die KSA Oos-Vrystaat. Doen jouself 'n guns en kamp eers 'n paar keer saam met 'n klub voor jy besluit of jy wil aansluit. Die klub word naderhand soos familie. Jy kan steeds op jou eie kamp, maar om saam te kamp bly lekker.